147. KAB. A. 11(2)

# ALLES BEHALWE DIE LIEFDE

"Net 'n bietjie liefde!"
eis die kleinste strompelaar;
en eis hiermee die hoogste
wat 'n sterfling kan ervaar.

Vra alles behalwe die hoogste
want liefde gevra is te veel.
Vir eindige mensies soos ons is,
is liefde gevra eens te veel.

"Net 'n bietjie liefde!"
is die bakvis se versoek;
maar weet nie dat sy end-uit
na hierdie droom gaan soek.

Vra alles behalwe die hoogste
want liefde gevra is te veel.
Vir eindige mensies soos ons is,
is liefde gevra eens te veel.

"Net 'n bietjie liefde!"
roep die digter radeloos,
want sonder hierdie dryfkrag
is sy versies waardeloos.

Vra alles behalwe die hoogste
want liefde gevra is te veel.
Vir eindige mensies soos ons is,
is liefde gevra eens te veel.

"Net 'n bietjie liefde?"
sug die huisvrou na haar dag.
(Vermoed dat sy 'n leeftyd
op dié wonder gaan bly wag.)

Vra alles behalwe die hoogste
want liefde gevra is te veel.
Vir eindige mensies soos ons is,
is liefde gevra eens te veel.

"Net 'n bietjie liefde?"
huil die ou vrou (terminaal);
en weet dat sy daarsonder
die laaste grens moet haal.

Mensekinders, almal,
kleuter, digter, swaar bejaarde,
vra rykdom, roem, gesondheid,
vra blinkgoed uit die aarde,
vra alles wat die gode bied,
vra wyn, die vrou, die lied -
vra alles behalwe die hoogste
want liefde gevra is te veel,
vra alles behalwe die liefde
want liefde gevra is te veel
want liefde gevra is te veel
want liefde gevra is te veel
want liefde ... (Doof uit.)